Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE UNIFORMKNOPE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VLOOT EN SY VOORGANGERS

**Lt Kdr W. M. Bisset***

**No article has previously been written on the buttons of the SA Navy and its predecessors. As a complete history of these buttons will necessitate interviews with a considerable number of pensioned naval personnel and the sources of the SADF Archives will first have to be consulted, Lt Cdr Bisset has in the mean time submitted this intermediary report, together with very interesting photographic material on the subject. More detailed information on the buttons of the SA Navy and its predecessors that readers may wish to offer, will be most welcome.**

Tot datum is nog geen artikel oor die knope van die Suid-Afrikaanse Vloot en sy voorgangers geskryf nie. 'n Volledige geskiedenis van hierdie knope sal slegs aangepak kan word nadat die nodige bronne in die Suid-Afrikaanse Weermag-argief geraadpleeg is en sal waarskynlik ook onderhoude met heelwat afgetrede seelui verg. Aangesien dit moontlik 'n lang en uiters moeilike taak sal wees wil ek graag nou hierdie tussentydse verslag indien. Verdere besonderhede wat lesers oor die onderwerp kan aanbied word verwelkom.

Die knope op die foto's word tans in die Maritieme Museum in die Kasteel uitgestal en toon 'n verskeidenheid wat dalk vir baie mense verbasend sal wees. Al bestaan daar 'n paar leemtes in die versameling is dit dalk moontlik dat dit byna volledig is aangesien die 'Port Elizabeth Naval Volunteer Brigade' wat in 1861 in die lewe geroep is waarskynlik nie sy eie knope ontwerp het nie.

Wat fassinerend is, is die eie Suid-Afrikaanse vlootidentiteit wat deur middel van knope reeds in 1925 geskep is. Of hierdie verskynsel van Suid-Afrikaanse kant gekom het en 'n duidelike drang toon wat gepaard gaan met 'n behoefte aan die bevestiging van eiewaarde en of dit deur die Britse Vloot aanbeveel is, is nie bekend nie.

Volgens etikette op twee soortgelyke 6/8" SA Seediens offisierstafetenue knope, nommer UVM 1279, (die grotere van die twee op die foto) is hierdie knoop op 13 Februarie 1925 goedgekeur. Die beskrywing van die knoop wat deur die firma Firmin te Londen vervaardig is, lees soos volg 'button gilt South African Navy officers 30 line die 113'. Op die loodseël op die etiket van hierdie knoop is die leeu wat vandag deel van ons Vlootembleem is. Die rede hiervoor hou verband met die oorsprong van die leeu-embleem wat die helmteken van ons landswapen is. Dit is eers in die laat veertiger jare as ons Vlootembleem

SA SEEDIENS — SA NAVAL SERVICE
1922 — 1940





voorgestel deur kdoor F.J. Dean, OBE en deur minister F. C. Erasmus goedgekeur.[1]

In die meeste gevalle is die presiese datum waarop goedkeuring aan ons vlootknope verleen is nie bekend nie. Die datums op die foto is dus in die meeste gevalle slegs dié van die tydperke waartydens die KMVR, Verdedigingsmag ter See, ens bestaan het.

Aangesien die Natal Naval Volunteers oorspronklik silwer galon in plaas van goud galon gedra het, is dit dalk moontlik dat hulle silwer knope gedra het.[2] Die Koninklike Marine Vrywilliger Reserwe knope is deur die firmas Hicks en Seuns, Gieves Bpk en Firmin te Londen vervaardig.


**KONINKLIKE MARINE VRYWILLIGER RESERWE (SA)**
**ROYAL NAVAL VOLUNTEER RESERVE (SA)**
**1913 — 1942**




Volgens die Britse kenner op hierdie gebied kdr W.E. May, het die Britse KMVR Britse vlootknope met die letters 'RNV' op die anker vanaf 1903-1921 gedra.[3] Daarna het hulle tot 1951 gewone Britse vlootknope gedra.

**NATAL NAVAL VOLUNTEERS 1885 — 1913**

**CAPE NAVAL VOLUNTEERS 1905 — 1913**



Die Britse vlagoffisiersknope is slegs deur skout-admiraal G.W. Hallifax, CMG en minister F. C. Sturrock in sy hoedanigheid as ere-kommodoor klas 1 van die Verdedigingsmag ter See en SA Seemag gedra. Daar is geen vervaardigersnaam op die agterkant van die knoop nie. 'n Soortgelyke Britse knoop is reeds in 1891 in gebruik geneem.[4]


VERDEDIGINGSMAG TER SEE
SEAWARD DEFENCE FORCE
1940 — 1942




Die huidige vlagoffisiersknope is dieselfde as dié van generaals van die SA Weermag met die uitsondering van die SA Leër wat soortgelyke silwer knope dra. Oorspronklik is hierdie knope wat glo nog deur Britse generaals gedra word deur die firmas Firmin en Gaunt te Londen vervaardig.

Van 'n SA Seemagsoffisiersknoop in die museumversameling wat deur McCallum en Stevens te Kaapstad vervaardig is kan 'n mens aflei dat oorlogsnood plaaslike vervaardigers aangespoor het om ons eie knope te vervaardig.


**SA SEEMAG — SA NAVAL FORCES**
**1942 — 1951**
**SA VLOOT — SA NAVY**
**1951 — 1959**




Hierdie tendens is na die oorlog voortgesit. Daar is dus ook SA Seemag knope, vervaardig deur Firmin te Londen en ander vervaardig deur Metal Art te Pretoria in die versameling. Daar sal opgelet word dat die SA Marinierskorpsknope verskil. Totdat hul eie knope deur Metal Art te Pretoria vervaardig is, het die mariniers die knope van die SA Artillerie gedra.

**SA MARINIERSKORPS**
**SA MARINE CORPS**
**1951 — 1955**

ALLE RANGE
ALL RANKS



Die versameling sluit nie die skeepswerfpolisie in nie. Silwer SA Vlootmanskapsknope is deur die eenheid se manskappe gedra voordat hulle 'n tak van die SA Vloot geword het.

Wat groottes aanbetref is die grootste knope op die foto deur manskappe op hul grootjasse gedra. Vermoedelik sedert die vorige eeu word die 5/8" (15mm) offisiersknoop op tafeltenue-onderbaadjies en adelborste se kraagpunte gedra. Toe blou gevegstenue tydens die Tweede Wêreldoorlog goedgekeur is, is knope van hierdie grootte ook op die sakke van gevegstenuebaadjies gedra. 5/8" (15mm) Offisiersknope met skroefpennetjies is tot 20 Maart 1959 gedra waarna dit met die huidige 1/2" (13mm) grootte vervang is.

Een 5/8" (15mm) Springbok-knoop is tot ongeveer 1975 deur seelui op hul tropiese wit hemde gedra.




Die swart horingknope op die foto is deur seelui op swart uniforms, met rooi kentekens tot Maart 1959 gedra.

Volgens 'n berig in *SA Vlootnuus* het sekere senior vlootoffisiere 'n eie vlootknoop, bo die springbokknoop ('button universal gilt') verkies en is dit nooit werklik deur die vloot aanvaar nie. Gevolglik is 'n nuwe knoop soortgelyk aan die SA Vlootoffisiersknoop wat tot 1959 gedra is, sonder die kroon, in drie groottes 7/8", 5/8" en 1/2" deur die Hoof van die Vloot, vise-admiraal H.H. Bierman, SSA, OBE, goedgekeur.[5]

Volgens 'n verslag oor die vereenvoudiging van vlootuniformkentekens (VSH 1/56/2 gedateer 2 Desember 1968) is vergulde knope 'n noodsaaklike deel van die vlootuniform. Volgens die verslagskrywer lt (later kdr) A.J. Bateman, was die destydse springbokknope wat onder seelui as 'dieretuinknope' bekend gestaan het, wat sowel afdruk en afwerking betref, van swak gehalte en die groottes het nie die vlootuniform gepas nie.

Wat die springbokontwerp aanbetref meld lt Bateman dat dit geen vloot of militêre oorsprong het nie, bots met die leeus, ankers en sterre van vlootkentekens, nie op seemanswyse vervaardig is nie aangesien dit nie afgewerk is nie en sonder die onklaar anker is, en dat dit baie ongewild onder beide offisiere en manskappe is, en nie 'n gevoel van trots in die Seediens aangewakker het nie. In sy verslag het lt Bateman 'n knoop soortgelyk aan die huidige vlootknoop sonder die leeu-embleem aanbeveel.[6]

Aangesien hierdie knope nooit uitgereik is nie, is dit duidelik dat hierdie voorstelle deur die mat geval het, al is die ideaal verwesenlik toe die huidige vlootknoop in Januarie 1972 goedgekeur is. Dit word deur *Metaalwapen* te Pretoria vervaardig.

* Lt Kdr W.M. Bisset, is SO Militêre Musea, Kommandement WP

**Bronnelys**

(1) Informasie verskaf aan die skrywer deur kdoor F.J. Dean, OBE.
(2) Cdr the Hon Serald Hay, *History of the RNVR South African Division, Juta, 1920, bl 41.*
(3) Cdr W.E. May, W.Y. Carman and J. Tanner, *Badges and Insignia of the British Armed Services,* A. and C. Black, London, 1974 bl 111.
(4) Ibid bl 110.
(5) *SA Vlootnuus,* Vol 1, No 8, Jan 1967 bl. 11.
(6) Lt A.J. Bateman, *Simplification of Naval Uniform Badges: Report VSH 1/56/2* dated 2 December 1968, pp 4-5